

7

DIE PREDIKANT **Aangename kennis, Dominee**

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet waarom daar 'n predikant is en wat hy of sy doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- wie hul predikant is; en
- wat die predikant doen.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat die Here predikante gebruik om ons van sy liefde te leer.
- gewillig wees om na die predikant te luister.
- respek kry vir die werk wat die predikant doen.

Vaardigheid

- Die kinders moet kan verduidelik wat die predikant in die gemeente doen.
- Die ouers en kinders moet vrymoedigheid hê om met hul predikant te praat.
- Die ouers moet hul kinders lei om positief en lojaal teenoor die Kerk te wees.

MEER INLIGTING (Efesiërs 4: 11-12)

In die Ou Testament het priesters en profete die Here se werk gedoen. Die priesters het hoofsaaklik die offers by die tempel gebring, en die profete het vir die mense vertel wat die Here se boodskap vir hulle was. In die tyd toe die Here Jesus op aarde gelewe het, het Hy ook vir die mense geleer wat God se wil is. Daar was in daardie tyd ook rabbi's en skrifgeleerdes.

Die Here se doel met al hierdie mense was dat hulle sy wil aan alle mense bekend moes maak.

Die dissipels was 'n ander groep wat vir die Here gewerk het. Hulle het by Jesus geleer wat God se wil is. Nadat Jesus terug is hemel toe, het die dissipels apostels geword toe die Heilige Gees oor hulle uitgestort is. Hulle het die mense van Jesus geleer. Hulle het die hele wêreld oor van Jesus gaan vertel. Baie mense het tot bekering gekom. So het daar oral gemeentes ontstaan. Toe die werk te veel geword het vir die apostels, het hulle diakens gekies om te help met die versorging van arm mense, weeskinders en weduwees.

Die apostels kon nie te lank in een gemeente bly nie, want hulle moes verder trek en nog meer mense van Jesus gaan leer. Apostels en profete het opgehou om te bestaan. Hulle is vervang met evangeliste, herders en leraars. Apostels en profete was eintlik predikante.

Wanneer die apostels weggegaan het uit 'n gemeente, het hulle ouderlinge gekies om met die werk voort te gaan. Soos die jare verby gegaan het, het daar twee soorte ouderlinge in die gemeentes gekom. Daar was lerende ouderlinge en regerende ouderlinge. Die lerende ouderlinge het die mense van die Here geleer. Hulle is later evangeliste of herders of leraars of dominees of predikante genoem. Die regerende ouderlinge het al die sake in die gemeente gereël en gesorg dat daar orde is. Hulle het ook toesig gehou dat die lerende ouderlinge nie verkeerde dinge vir die mense leer nie. Hulle het net ouderlinge gebly. Die diakens was nog steeds daar om vir die behoeftige mense te sorg.

Dit is hoe dit gebeur het dat daar vandag nog steeds drie groepe mense is wat in die gemeente die Here se werk doen: predikante, ouderlinge en diakens.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Reël met die koster om die volgende in die konsistorie of kerkgebou gereed te hê:
 - Water in die doopvont.
 - Die Nagmaalservies.
 - Wyn en brood.
- Reël met die dominee om Sondag klas toe te kom.
- Reël met een van die ouers om te open.

KOM ONS BEGIN

Vra vir een van die ouers om Efesiërs 4: 11-12 voor te lees en met 'n kort gebed te open.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of die kinders die volgende vrae se antwoorde ken:
 - Wie was die twee ou mense wat nie kinders gehad het nie? (*Abram en Sara.*)
 - Wie het toe na hulle toe gekom, terwyl Abram voor die tent gesit het? (*Drie mans wat deur die Here gestuur is.*)
 - Wat het hulle vir Abram en Sara kom sê? (*Dat hulle 'n seun sou hê.*)

- Wat het Sara gedoen toe sy dit hoor? (*Gelag.*)
- Wat was Sara se babatjie se naam? (*Isak.*)
- Kontroleer of hulle –
 - die prent klaar ingekleur het.
 - die prent in hul boek geplak het.
 - met hul ouers gesels het oor verdere beloftes van God en hoe hulle daarop kan antwoord.
 - die volgende sin kan voltooi: *Alles wat God aan ons belowe het, ... (sal Hy doen).*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Heet die dominee welkom en sê dankie dat hy of sy tyd vir julle gemaak het.
- Vra enkele kinders of hulle die dominee se naam en van ken, of hulle sy vrou ken en van sy familie ken.
- Vra of hulle weet waar die dominee bly en wat ons die huis noem waarin die dominee bly. (*'n Pastorie.*)

IETS INTERESSANT

Stel die dominee aan die woord om MEER INLIGTING hierbo te gebruik en te vertel hoe dit gebeur het dat daar dominees, ouderlinge en diakens in die kerk is.

Laat hy of sy vertel –

- wat elkeen se werk is.
- dat dit die dominee se belangrikste werk is om te preek.
- wat dit beteken om te preek.
- wat dominees nóg doen en wat dit beteken. (*Huisbesoek, siekebesoek, hospitaalbesoek, kategese, vergaderings hou, funksies reël, ringswerk doen, Bybelstudie hou, ensovoorts.*)

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Dominees se belangrikste werk is –
 - om te preek;
 - om kerkkisasie te hou (dit is om mense iets te leer); en
 - om huisbesoek te doen.
- Dominees preek wanneer hulle –
 - erediens hou;
 - skole open; en
 - kerkdiens hou by ouetehuse.
- Dominees doen kerkkisasie wanneer hulle –
 - mense van die Here leer;
 - doopkerkkisasie hou;
 - kerkraadskerkkisasie hou; en
 - Bybelstudie doen.

- Dominees doen huisbesoek wanneer hulle –
 - mense by hul huise besoek; en
 - siekebesoek doen.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders en ouers saam met die dominee of kategeet deur die kerk loop.
- Wys hulle die preekstoel, doopvont met water, Nagmaalservies met brood en wyn, die konsistorie, ensovoorts.
- Laat hulle aan alles vat en verduidelik aan hulle wat elke item se doel is.
- Gee vir elkeen 'n stukkie brood om te proe.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders tuis prente gaan soek van dit wat 'n dominee doen, en laat hulle dit in hul boeke plak.
- Laat die ouers met hul kinders gaan gesels oor –
 - hoekom dit belangrik is dat daar 'n dominee moet wees.
 - hul gesin se verantwoordelikheid in die gemeente.
 - hoe hulle moet luister na die Woord.

Leer

Laat die kinders die volgende teks gaan leer:

En dit is die “gawes” wat Hy “gegee het”: ...herders en leraars. (Efesiërs 4: 11)

AFSLUITING

Sluit af met die sing of lees van Gesang 257: 1 as gebed. Verduidelik eers aan die kinders wat die woorde beteken, dat God mense gebruik om vir ander mense te vertel wat in die Bybel staan, maar dat Hy ons ook help om daarna te luister.

*O Heer, maak oop my hart se poort;
 maak my ontvanklik vir u Woord
 wat my u raad en wil verklaar.
 Laat my dié Woord altyd bewaar.*

Belangrik:

Reël betyds iemand om volgende week se faseles aan te bied.